S.E.F.
STRATEGIC ENVIRONMENTAL FOCUS

**HEAD OFFICE GAUTENG:**
ADDRESS:
PO BOX 74785
LYNNWOOD RIDGE
PRETORIA
0040

TEL: +27 12 349 1307
FAX: +27 12 349 1229

**CAPE REGIONAL OFFICE:**
ADDRESS:
PO BOX 1330
DURBANVILLE
CAPE TOWN
7551

TEL: +27 21 979 3822
FAX: +27 21 979 3830

**MPUMALANGA REGIONAL OFFICE:**
ADDRESS:
PO BOX 2478
NELSPRUIT
1200

TEL: +27 13 752 8138
FAX: +27 13 752 5014

WWW.SEFSA.CO.ZA
SEF@SEFSA.CO.ZA

**13 November 2006**

SEF Kode: 6041
Owerheidsverwysingsno.: 12/12/20/720

Geagte Belanghebbende Party

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (OIS): VOORGESTELDE 400kV TRANSMISSIE KRAGLYNE TUSSEN ORANJEMOND EN JUNO SUBSTASIES EN DIE OPGRADERING VAN HIERDIE SUBSTASIES (KUDU INTEGRASIE PROJEK)**

Soos u bewus mag wees, beoog Eskom om ‘n 400kV kraglyn vanaf Nampower se beoogde Kudu Gekombineerde Siklus Gas Aangedrewe Turbine (Combined Cycle Gas Turbine (CCGT)) Kragstasie naby Oranjemund in Namibië, tot by die Juno substasie naby Vredendal in die Wes-Kaap te bou. Die doel van hierdie lyn is om die groeiende behoefte aan elektrisiteit in die Wes-Kaap aan te spreek.

Strategic Environmental Focus (Pty) Ltd (SEF) is as onafhanklike OIS konsultant deur Eskom Transmissie aangestel om die OIS proses te fasiliteer en moontlike omgewingsimpakte van die voorgestelde kraglyn te assesseer. SEF is verantwoodelik daarvoor om ‘n Omgewingsimpakverslag (OIV) saam te stel. Hierdie OIV sal by die Departement van Omgewingsake en Toerisme ingedien word ten einde hulle in staat te stel om ‘n besluit te neem. Die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, asook die Noord-Kaapse Departement van Toerisme, Omgewing en Bewaring sal geken word in die besluit.

SEF het reeds die Bestekbepalingsfase voltooi, en is in die proses om die OIS te onderneem. SEF se Bestekbepalingsverslag (BBV) is deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme goedgekeur. Toestemming is ook verleen om voort te gaan met die samestelling van ‘n OIV.

Sedert die goedkeuring van die BBV is ‘n aantal alternatiewe roetes vir die kraglyn voorgestel om te poog om die impakte van die lyn te beperk. Weens hierdie rede is addisionele belanghebbende en geaffekteerde partye geïdentifiseer. SEF wil u, as ‘n direk-geaffekteerde party of aangrensende grondeienaar, graag inlig oor die OIS proses en u ook uitnooi om deel te neem aan die proses.

Die voorlopige OIV sal vanaf 20 November 2006 tot en met 22 Januarie 2007 beskikbaar gestel word vir publieke kommentaar. Die verslag sal by die volgende plekke beskikbaar wees:

| Plek | Kontakpersoon en nommer | |
|---|---|---|
| Port Nolloth Munisipale Kantoor | Alta Kotze | (027) 851 1111 |
| Springbok Biblioteek | S. Victor | (027) 718 8136 |
| Kamieskroon Poskantoor | Daleen | (027) 672 1627 |
| Garies Poskantoor/OK Foods | Chris-Mari | (027) 652 1157 |
| Vanrynsdorp Poskantoor | Roeleen | (027) 219 1113 |

Die verslag sal ook op Eskom se webtuiste beskikbaar wees: www.eskom.co.za.

Indien u sou belangstel om ‘n vergadering rakende bevindinge van die konsep OIV by te woon, merk asseblief die toepaslikke blokkie op die volgende bladsy, en stuur asseblief die ingevulde bladsy terug aan SEF voor 15 Januarie 2007 (Faks No: (021) 979 3830 **OF** Posbus 1330, Durbanville, 7551). Ons sal u in Januarie in kennis stel of sodanige vergaderings sal plaasvind op grond van die terugvoer van belanghabbende partye, en indien wel, die tyd, datums en plekke van die vergaderings.

U is welkom om SEF te kontak indien u verdere inligting rakende die voorgestelde projek wil bekom.

Vriendelike groete,

**Guillaume Nel**
vir Strategic Environmental Focus (Pty) Ltd

**Aan**: Strategic Environmental Focus
**Faks no.**: (021) 979 3830

Posbus 1330
Durbanville
7551

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (OIS): VOORGESTELDE 400kV TRANSMISSIE KRAGLYNE TUSSEN ORANJEMOND EN JUNO SUBSTASIES EN DIE OPGRADERING VAN HIERDIE SUBSTASIES (KUDU INTEGRASIE PROJEK)**

| | |
|---|---|
| Ek dink dit is belangrik om 'n vergadering to hou oor die bevindinge van die Konsep OIS, en sal dit bywoon indien dit plaasvind. | Ja<br>Nee |

**My kontakbesonderhede is:**

| | |
|---|---|
| **Titel** | |
| **Voornaam** | |
| **Van** | |
| **Telefoonno.** | |
| **Selfoonno.** | |
| **E-pos adres** | |
| **Faks no.** | |
| **Posadres** | |

**My eiendom / die gedeelte van die kraglynroete wat vir my van belang is:**

| |
|---|
| |